

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

60 JAAR EN OUER WORD HIER INGEËNT

Persone van 60 jaar en ouer word sedert vroeg Maandagoggend in Ngwathe teen Covid-19 ingeënt. Die vaksiene wat tans beskikbaar is, is van Pfizer, wat beteken dat die tweede dosis tussen 21 tot 42 dae toegedien moet word. Te midde van die ysige wintertemperature die afgelope week staan mense in lang toue om die ent te kry. Heilbron Herald het laas week berig dat die inwoners van Huis Bron van Heil reeds hulle eerste dosis ontvang het en word vaksinerings ook nou vir die publiek gedoen. Die volgende publieke inentingsperseel in Heilbron is Donderdag, 17 Junie 2021 by Boitumelong Skoolsaal (ou laerskool in Pierceststraat) en kan diegene wat nie in tehuise of sorgsentrums is nie, hul inenting daar kry. Daar sal ook 'n span by die Maranatha Reformed Church of Christ in Phiritona die 14de Junie wees, en die 15de sal die gesondheidswerkers die NG Church of Africa, ook in Phiritona besoek. Heilbron se bevestigde gevalle staan op 895 soos aangedui op die nuutste getalle ontvang van die Fezile Dabi Distrik-gesondheidsdienste op 10 Junie 2021. Dit is vandag dag 442 van die inperkingsperiode en teen druktyd was die jongste getal koronavirusinfeksies vir Suid-Afrika op 1 712 939 en die dodetal op 57 310. Altesaam het daar reeds 1 589 501 mense

van die virus herstel en is in die hele land 66 128 aktiewe gevalle. Suid-Afrika het reeds 1 433 730 van sy bevolking ingeënt. Die dra van maskers en gereelde reiniging bly noodsaaklik, want die getalle is steeds aan die toeneem.

Onthou die volgende as jy 60 jaar en ouer is en vaksinerings wil ontvang:

- Inenting is gratis en vrywillig.
- Op die dag van vaksinerings, neem jou ID dokument, kontakbesonderhede, woonadres en mediese fonds kaart saam as jy 'n mediese fonds sou hê. Dit is belangrik dat jy die regte inligting vir die gesondheidswerkers sal gee.

- As jy nie vooraf kon registreer nie, sal personeel op die inentingsperseel jou help om te kan registreer. As jy wel geregistreer het en ook nog nie 'n SMS ontvang het nie, is jy ook welkom om te gaan. Jy sal gehelp word.

- Onthou jou masker en neem sommer jou eie pen en saniteermiddel ook saam.

- Sosiale afstand is almal se verantwoordelikheid – gesondheidswerkers moet toesien dat die protokol gehandhaaf word, maar deur saam te werk, en self ook seker te maak dat jy jou afstand hou, jou masker ten alle tye in die openbaar dra en jou hande gereeld reinig, maak jy hul las ligter.



**BONUS HARDWARE
BIG CEMENT
SALE**

VALID FROM
25 MAY -
30 JUNE
2021

WHILE STOCKS
LAST

BB Cement
BB-35
R85

BB Cement
BB-45
R100

058 853 0180 | 072 287 4111
31 Brink Street, HEILBRON, 9650
CASH & CARRY ONLY

**DUPNO
Trading**

**Awegare
Ontvangsbakke
Graandamme
Waterdamme**

Ryno: 073 268 7666
Kern: 083 280 9949
ryno.dupno@gmail.com
POTZENKS@gmail.com

**VLAK LAAGTE
SLAGHUIS**

100%
BEST
QUALITY

Skaaptjops gemeng	R89.95/kg
Skaaprib vir braai	R87.00/kg
Skaapnek en skenkels	R85.00/kg
Skaapsosaties (ons lekker resept)	R110.00/kg

DeegHuys produkte ook nou beskikbaar!!!
Van vrieskas tot oond vir jou eie gemak

Smurf 083 2937936
Tanya 083 4980836
Slaghuis 058 8530041

DEEGHUYNS

**BKB
LOUW**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**

**Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**

Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

Boerseep & Boerseep Poeier
Ekonomies & Effektief
Handvas & Alle Woonopname
100% Natuurlik, Geen Bleik of Kleurmiddels

Ook Beskikbaar:
*Tallow Balm
*Charcoal Seep
*Aftershave Balm
*Lip Balm
*Diaper Cream
*Lyf Seep
*Skeerseeep & Skeerkwas
*Aknee Broom

Weeklikse Aflewering in Heilbron, Petrus Steyn, Rasta & Koppies
Deleanyz Smit Tel: 082 940 3183



Het u raad oor hoe Ngwathe minder geld kan mors, en meer uit sy bates kan verdien?
Deel u wen-idees met u DA-raadslid:--

ANDRIES VREY
Wyk 12
andries.vrey@gmail.com
082 565 9855

CARINA SERFONTEIN
Koppies
carserf@compuking.co.za
083 635 2851

POLOKO MOLAPHENE
Kwakwatsi
pmolaphene@gmail.com
073 505 5295 / 079 126 9942.

ARNOLD SCHOONWINKEL
Munisipale Finansies
arnoldfin@telkomsa.net
084 549 3384
056 817 6762

SMALL SEHUME
Tumahole/Schonkenville
alfredsehume@gmail.com
074 751 2692

ROBERT FERENDALE
Heilbron/Edenville
ferendale880215@gmail.com
079 513 1013

JACO LA COCK
Vredefort
jacolacock@icloud.com
071 559 3368

SHIRLEY VERMAAK
Parys
shirleyv@tiscali.co.za
082 461 3680



FATHER'S DAY SPECIALS

16-18 June 2021



20% OFF ON ALL MATT CANVASSES

Bring your photos on your USB Stick or E-mail us: haraldgraphics2@heilbron.co.za

KEN JOU VOËLGELUIDE

Die lede van die Huppel-Trippel-Klub het Dinsdag weer in die rooi sitkamer by Huis Bron-van-Heil bymekaar gekom. Hulle het heerlik gesels oor die voëls in die omgewing; terwyl daar na hulle verskillende klanke geluister is met behulp van Briza se klank-leser. Die Jan Frederik, Kakelaars en al drie die Houtkappers van die omgewing het baie bespreking oor hulle gewoontes uitgelok. Daarná was dit 'n "trip along memory lane" en die lede het kindertyd-herinneringe gedeel. Onder andere is ervarings met die destydse Anglia met sy skuins agterruit, asook herinneringe aan die "koerier", wat vleis en ander bestellings kom aflewer het met sy fiets met die groot mandjie voor-op, gedeel. Ná heerlike tee en eetgoed wat gesellig saam geniet is, keer almal terug huis toe. Vir die volgende saamkuier beplan hulle 'n lekker saamsing-oggend en word elkeen herinner dat hierdie klub nie net vir Huis Bron-van-Heil inwoners is nie, maar dat elke nuwe gesig verwelkom word.



NGWATHE WIL MINDER MORS

Ngwathe se stadsraad het tydens die begrotingsdebat verlede maand eenparig besluit hy wil vermorsing en korrupsie hoksla en sy talle bates wat tans onbenut lê meer produktief aanwend. Dit was nadat sowel burgemeester Joey Mophela as DA-raadslid Arnold Schoonwinkel verwys het na "enorme finansiële druk" wat die munisipaliteit tans ervaar. Die DA het in die debat gevra dat die raad sy bestaande finansiële Taakspan opdra om te soek na kostebesparings sonder om diensgehalte te verswak. "Ngwathe moet maniere vind om verder te kom met sy geld, veral deur vrugtelose en onproduktiewe uitgawes te verminder, en korrupsie te keer," het Schoonwinkel gesê. Hy is die DA in Ngwathe se segsman oor munisipale finansies. Hy het gesê planne is ook nodig om 'n inkomste te verdien uit Ngwathe se talle onbenutte bates, soos Heilbron se

ontspanningsoord, die Mimosa-tuin in Parys, en verhuurbare munisipale behuising en persele. "Ons moet kenners vra vir blink idees, en veral plaaslike sakelui ook," het Schoonwinkel bygevoeg. Die voorstel is eenparig aanvaar. Die DA het reeds aan belangegroepes geskryf en hulle insette uitgenooi. "Gelukkig bestaan daar entoesiastiese organisasies, van die Ontwikkelingsforum en Sakeliga tot Parys in Aksie, en in Heilbron die Museumkomitee, AfriForum en verskeie

talentvolle en ywerige individue wat ons dorpe en gemeenskappe wil uitbou en bemark en bevorder," sê DA-koukusleier Carina Serfontein aan Herald. "Ons gaan dit byeenkry, en saamvoeg met ons eie." Sy hoop dat DA-raadslide binne weke talle wenresepte aan die Taakspan sal kan voorlê, gebaseer op hul eie voorstelle uit die verlede, en nuwe idees van inwoners. *Lesers van Herald word vandag in 'n advertensie genooi om idees in te stuur.*

CHILD PROTECTION WITH ENGO

On the 4th of June 2021, the ENGO Organisation in Heilbron held a project in light of National Child Protection Week. This event is commemorated in the country annually to raise awareness of the rights of children. Nine kids in foster care in Heilbron, aged between 4-18 years old, participated, and

besides learning all their rights, they also learned the types of abuse and how to respond and report the situation. Abuse is a traumatic situation, and all abusive relationships are unacceptable and need to be stopped. The topics were motivated by writing it on balloons and released into the air.



On the photo: Mmbatho Mamokabe (Social Worker), Rentia Lombard (Social Worker), Mapule Mofokeng (Auxiliary Social Worker) and Geelbooi Majola (Auxiliary Social Worker).

TREK JOU MOTOR SKEEF ?

Tyremart op Heilbron verstaan die belangrikheid van goed gebalanseerde en belynde bande. George Roodt is Tyremart se spesialis op die gebied van wielsporing en som die belangrikheid daarvan vir elke motoreienaar soos volg op: "Die behoorlike wielsporing is noodsaaklik om onnodige slytasie op u bande, stuur, vering en remme te vermy. Akkurate wielsporing optimaliseer die bestuurstabiliteit, maksimaliseer die lewensduur van die bande en verbeter die algehele bestuursprestasie van u voertuig." Tyremart het die nuutste tegnologie en sageware bekom om enige voertuig se belyning reg stel. Daar is selfs 'n koffiekroeg om jou wag van korte duur te maak. Teen R340 vir 'n volledige wielsporing is dit verseker bekostigbaar. Kom gesels gerus met George by Tyremart op die h/v Langmark- en Wentworthstraat in Heilbron.



Kom kuier saam vir 'n heerlike Vadersdag Buffet-ete

Waar: Die Skeerstoer Kroeg
Wanneer: 20 Junie 2021
Tyd: 12:30

Volwassenes: R250 p/p
Kinders(6-11 jaar): R120 p/p
Kinders onder 6 jaar: Gratis

• Een Voorgereg
• Twee Vleise
• Twee Stysels
• Twee Groentes
• Twee Slaaie
• Een Nagereg

• *Belegging: Lelands - 0847612569*

Kontant Kroeg Beskikbaar

R 20th PRODUKSIEVEILING
HEILBRON Don. 17 JUNIE 2021 om 11:00
SUNNYSIDE, HEILBRON
8km vanaf Heilbron op die R725 (GPS S27° 20' 141 E27° 58' 700)
Besigtigingsdag: 16 Junie 2021, 15:00

**200km
Gratis
Afterworing**

NAVRAE
Wynand Steenkamp
083 378 4195
144 Linnelkroon
083 465 4387

16 Bulle
(Fase D getoets)

380 Vroulike diere
(alle produksiestadia)

Beeste BM skoon. Sentraal dag van vulling beskikbaar

Lot 3
HFN 18-248

CONNECT TO SUPER-FAST FIBRE CONNECT WITH OPENSERVE

Download the Openserve Connect App NOW.

Download on the
App Store

GET IT ON
Google Play

EXPLORE IT ON
AppGallery

We're upgrading our broadband offerings even more, with **increased speeds, reduced pricing and free installations***, making Openserve the broadband network provider of choice!

With more than 2.4 million households and businesses covered with Openserve fibre, we continue to work relentlessly at connecting more of South Africa to our world-class broadband network.


Download the Openserve Connect App now from your app store to check fibre coverage, place infrastructure orders, check network status and speeds, track faults and installations and more.

Connect with Openserve, because we understand that a connected home or business is where the best connections happen.

*T&Cs apply.

Let us connect you to **super-fast fibre.**

Fibre up your home! Simply **scan the QR code** and complete the online lead form, and we will contact you back to **arrange a FREE installation.** We will also ensure an ISP of your choice contacts you back to sign you up for internet service.



www.openserve.co.za





UIT DIE PEN

Daar is “toevallig” en dan is daar “toevallig”. Ek praat vandag van die tweede term. Die eerste “toevallig” is waar iemand vir jou gaan sê dat daar niks is wat toevallig gebeur nie, en dit is waar, maar dit is toevallig nie waaroor vandag se skrywe handel nie. Ook nie die “toe-val-lig” wat ’n Afrikaanse omroeper later as haar eie term gebruik het nie.

Die lewe is vol toevallighede. Ek praat hier van *random* goed wat gebeur. Soms los ons dit, ander kere veroorsaak dit juis dat ons met mekaar begin gesels en agterkom dat daar, iewers in die verlede, raakpunte is.

Ek kan jou ’n lang tyd besig hou met die tipe toevallighede waaraan ek dink, maar kom ons volstaan vandag by drie stories.

Ek het ’n duisend jaar (nie regtig nie, maar dit voel so) gelede by ’n skool in die Oos-Vrystaat begin skoolhou. Op my

WEEK DRIE-EN-TWINTIG VAN 2021

eerste dag hardloop ’n dogtertjie met rooi boksterte my amper disnis.

“Juffrou, juffrou, jy is familie van my.”

“O, nee, poplap, ek het twee boeties, ’n sussie, ’n ma en pa en hulle is my familie. Ek het jou nog nooit gesien nie. Jy is nie familie van my nie.”

My ma laat weet my dat ek nie so ongeskik moet wees nie: die rooikopdogtertjie se oupa was my ma se oom. Nou hoe op aarde sou ek dit weet?

By dieselfde skool is Retha, wie se swaer goed bekend was by ons tuisdorp – ek was selfs al by hom aan huis. Om dinge nog erger te maak, was Joan se broer ons buurman op die plaas waar ek grootgekom het.

Net ’n kantlynstorie: Die gemeenskap het my pa as “Swanie” geken. So kom dit dat daar ’n gifsmous by die buurman aankom, op soek na oom Gert. Nee, sê die buurman, oorkant die pad is Piet Orrie, langs hom is Giel Hattingh, doerie kant is Dolf van Rensburg en hier om die draai bly Joos Bergh.

“En wie bly langs jou?” wil die gifsmous weet.

“Dis oom Swanie. En weet jy, hy kan dalk Gert wees, maar hy is eintlik oom Swanie.”

Terug na die toevallighede:

En hier dog ek dat ek na ’n klein dorpie toe trek waar ek niemand ken nie, en waar niemand my ken nie. Groot verrassing.

Die ander dag laat weet Piet, tans ’n teurgestelde skoolhoof, dat hy lank en innig daaroor gedink het: skoolhou en skoolbestuur in die Vrystaat is nie meer vir hom nie. Die Onderwysdepartement lewer nie ondersteuningsdienste nie, en hy moet net aanhou bloed uit ’n klip tap. Hy het aansoek gedoen by Privaat skool X in

Kaapstad. O ja, voordat hy vergeet, hy het my naam opgesit as referent omdat ek en hy baie moes saamwerk.

’n Week of wat daarna gesels ek met Ferdi, ’n kollega hier in Pretoria wat later ’n vriend geword het. Ferdi het die Jakarandastad vir die Moederstad verruil, so drie jaar gelede. Interessantheidshalwe vra ek hom by watter skool hy tans is? Dis Privaat skool X, sê hy. Ken hy vir Piet, wil ek weet? Nee, nog nooit van Piet gehoor nie. O, want Piet het by sy skool aansoek gedoen.

Ek vra vir Piet of hy vir Ferdi ken? Nee, maar hy het al van Ferdi gehoor. Want hulle twee het ’n gemeenskaplike vriend, Tinus. Piet stuur vir my ’n skerm skoot van die skool se advertensie. Bo-aan staan daar: “Hallo Ferdi, dankie vir die boodskap. Ek gaan dit vir Piet aanstuur. Groete, Tinus.”

Nou hoe toevallig is dit dat ek uitvind dat ek albei ken? Wie Tinus is, is natuurlik nog vir my ’n geheim.

Die laaste storie is die mees interessante een.

Ons het nog in die Oos-Vrystaat gewoon: Ek moes onderwysdata vir een of ander voorlegging gaan soek. Synde die staat nie aan my enige internettoegang gegee het nie, ook nie vervoer om van een skool na die ander te ry nie, ook nie ’n telefoon in my bibberkoue kantoor nie, kom ek met ’n ompad by die provinsiale onderwyskantoor uit. Die dame wat my e-posse beantwoord, Jacoba, help my in ’n japtrap.

By die huis gekom, vra my goeie man hoe ek vir Jacoba ken? Wou ek toe weet hoe hy vir Jacoba ken? Hulle twee was saam op Universiteit en was ook maats toe hulle op ’n sending-uitreik was. Jacoba het my van op die e-pos gesien en gedink dit lyk bekend.

Die ander dag gesels goeie man en Jacoba

met mekaar, maar om een of ander rede word ek die foon in die hand gestop. Jacoba vertel my van die klein dorpie waarin sy en haar man gewoon het voordat hulle destyds Bloemfontein toe is.

Gits, sê ek, my skoonsus, Marinda, het in daardie klein dorpie grootgeword. Jacoba vra haar man of hy vir Marinda kan onthou? Ja, en nie net dit nie, hy onthou ook Marinda se sussie.

Marinda, op haar beurt, onthou hoe sy broer haar goeie vriend was wat haar elke jaar met haar verjaarsdag gebel het. “Wanneer jy die dag 21 is, sal ek jou die feite van die lewe vertel.”

Dit gebeur ook dan so dat Marinda en haar gesin by ’n vakansieoord was toe Marinda 21 word. (Daardie dae was daar nog geen selfone nie, die “goeie” ou dae...)

Teen middernag lui die naaste telefoonhokkie se telefoon. Marinda se ma por haar aan om dit te gaan beantwoord, want dit is vir haar, dit is lankal reeds so gereël. Toe Marinda antwoord, is dit haar vriend. Hy bel net om haar die feite van die lewe te vertel. Marinda sê hulle het albei so lekker gelag dat niemand by die feite van die lewe uitgekom het nie.


En toe, amper 40 jaar daarna, herleef Marinda die verhaal nadat Jacoba my van hulle klein dorpie vertel het. Ek stuur vir Jacoba die stemnotas aan waar Marinda, deur al die lagbuie, die verhaal van die feite van die lewe vertel.

Jacoba stuur op haar beurt ’n foto van haar en haar man, en ruil dit met ’n foto van Marinda. (Beide partye het vertel hoe oud hulle geword het, maar ek het dit nie aangestuur nie, *to protect the innocent.*)

Die lewe is so fassinerend!

PANEEL 8

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



Paneel 8.

ONDERHANDELINGE MET DIE BAROLONGS

■ Quarta Pretorius

Die Voortrekker Andries Hendrik Potgieter, was telkens in noue voeling met die Barolong hoofman Morokko, wat in die tyd van die Groot Trek met sy onderdane by Thaba’Nchu in die huidige Vrystaat gevestig was. Dit was Morokko wat na die slag van Vegkop sy mense met trekosse gestuur het om die Voortrekkers te help om hulle waens van die slagveld af na Thaba’Nchu te sleep. Dit was ’n gebaar wat hoë waardering van die Voortrekkers ontlok het. Weereens ’n bewys dat daar destyds ook goeie verhoudings met van die swart stamme was. Almal was nie net haatdraend nie.

Marokko en een van sy onderdane is in skamele tradisionele drag geklee en dra knopkieries as handwapens, terwyl die Trekkers hulle swaar voorlaaiers by hulle het. Hierdie insident het voor die slag van Kapain, die onderwerp van paneel 7, plaasgevind, en word dus buite chronologiese orde uitgebeeld.

Die model vir Marokko, links voor op die paneel, met steeds beide sy hande op sy knopkierie, was Piet Malotho, die Sotho-man wat as die kunstenaar Frikkie Kruger se assistent gedien het terwyl hulle die fries vervaardig het.

Die modelle vir die Voortrekkers was studente verbonde aan die Onderwyskollege Pretoria. Moerdijk se hond Leeu, is as model gebruik. Leeu is spesiaal met die oog op uitbeelding geteel om te voldoen aan die

beskrywings van ’n tipiese hond uit daardie tyd. Hy was ’n baster tussen ’n windhond en ’n kolloe.

ONTVANG GRAAD AAN NWU



MJ Rothman, seun van Thys en Hettie Rothman, het die Graad B.Pharm behaal aan die Noordwes Universiteit en is tans besig met sy Internskap in Centurion.

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING VAN TER INSAE LÊ
In die boedel van **WYLE SUSANNA ROUX LINDE, IDENTITEITSNOMMER 3911190021084**, 'n geskeide pensionaris, wie oorlede is op 3 Augustus 2020 en woonagtig was te Nicol Woonstel no 2, Kerkstraat, Heilbron 9650.
MEESTERNOMMER: 001389/2020
Geliewe kennis te neem dat die Eerste- en Finale Likwidasie- en Distribusierekening van bogemelde Boedel by die Landdroskantoor te Heilbron en die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 (een-en-twintig) dae en gereken vanaf 11 Junie 2021.
Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent: GERDA SMALL PROKUREURS, WATERSTRAAT 22, PARYS 9585. TELEFOONNOMMER: 056 8176026. Verw: G Small/L143
Geteken te Parys op hierdie 28ste dag van Mei 2021.

PUBLIC NOTICE
Application for an Environmental Authorization for the proposed activities.
Notice is given for the following application:
1) Environmental authorization application for mining.
• **Proponent:** The applicant is WLB Mining (Pty) Ltd.
• **Ref. no:** FS30/5/1/3/2/10330MP
• **Property description:** The proposed mining area is over a certain Portion of the Remaining extent of the farm Moscow 274, in the district of Heilbron. The total extent of the prospecting area is 5 hectares. (21 SG digital codes: F00100000000027400000
• **Location:** The property is situated ±15 km north of Heilbron.
• **Project description:** The purpose of the application is to obtain the required authorisation from the Department to successfully: undertake opencast mining.
• **Process of Basic Assessment is followed**
• **Activity applied for:** the following activities as listed in terms of NEMA (Act No. 107 of 1998) as amended and EIA Regulations, 2014 was applied for under Activity 21 (Listing Notice 1) – GNR 327
• **Minerals applied for:** Clay (general), Ball clay & Bentonite (clay)
• **Date submitted:** 12 April 2021
• **Stakeholder involvement:** Stakeholders are invited to register as interested and affected parties and to participate in the application process by identifying issues of concern and suggestions for consideration in the BAR/EMPr. Please submit your written comments by mail, fax or e-mail in this 30 day of this notice to:
Mr. Daan Erasmus of DERA Environmental Consultants PO Box 6499, Flamwood, 2572 E-mail: daane@dera.co.za Tel: 018 468 5355 Fax: 018 011 3760
Date of advertisement: Friday 11 June 2021
Date and venue of meeting: Tuesday 15 June 2021 on site –
Coordinates: -27.18258 27.89507
Time: 10H00

WEERVOORSPELLING		
Sa. 12/6	2/21	Sonnig
So. 13/6	5/23	Sonnig
Ma. 14/6	5/23	Sonnig
Di. 15/6	4/21	Sonnig
Wo. 16/6	5/21	Sonnig
Do. 17/6	3/18	Sonnig
Vr. 18/6	3/18	Sonnig
Sa. 19/6	3/18	Sonnig
So. 20/6	2/18	Sonnig
Ma. 21/6	5/19	Sonnig
Di. 22/6	5/19	Sonnig
Wo. 23/6	5/18	Sonnig
Do. 24/6	5/16	Sonnig

LOST TITLE DEED
Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer T3839/2014 passed by **EVELYN GERTRUDE JOUBERT, Identity number 790716 0039 08 6**, Married out of community of property in favour of **MERWE JOHANNES ELS, Identity Number 791026 5128 08 5**, Married out of community of property, in respect of a certain ERF 1087 HEILBRON EXTENTION 15, District Heilbron Province of Free State, which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS at Nelson Mandela Dr, Bloemfontein within two weeks after the date of the first publication of this notice.
Dated at PRETORIA on 22 APRIL 2021
Applicant: ANDRIES LUKAS ELS and PHILIP THEUNISSEN in our capacities as the Executors in the **ESTATE LATE MERWE JOHANNES ELS C/O VELILE TINTO & ASSOCIATES**
ADDRESS: TINTO HOUSE, C/O SOLOMON MAHLANGU DRIVE & DISSELBOOM AVENUE, WAPADRAND, PRETORIA EAST
E-MAIL ADDRESS: lindi@tintolaw.co.za
CONTACT NUMBER: 012 807 3366

FORM JJJ
LOST OR DESTROYED DEED
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deed. Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Property Rights
TE 16556/1991 passed by **PHIRITONA CITY COUNCIL** in favour of **BULA JOHN MONYAMANE and NTAOLENG SARAH MONYAMANE** in respect of certain **ERF 1483 PHIRITONA, district Heilbron Province Free State**
In Extent: 280 (Two Hundred and Eighty) Square Metres which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 9th day of June 2021.
APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE
ADDRESS 40 KERK STREET, HEILBRON, 9650
E-MAIL: aktesa@corven.co.za
Tel: 058 852 2035

MAANDAE - DONDERDAE
07:30 - 17:00
VRYPDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

BLOEDSKENK DATUMS

27 Julie
28 September
23 November



JAARBEPLANNER

JUNIE 2021
25 Jun. - AP Kerk (Verkopings)
JULIE 2021
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
30 & 31 Jul. Boeretreat Classic (Vrydagaand-vermaak: Fatman - maksimum 250 persone)
AUGUSTUS 2021
6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoop)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
SEPTEMBER 2021
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
OKTOBER 2021
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
NOVEMBER 2021
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

HAPPY FATHER'S DAY

Sunday 20 June

TE KOOP

VOER TE KOOP
Skakel
083 688 8256
K0746

16 June 2021 Jeugdag

PLOEG SEMOER

Egte

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.

Kontak Jackie Wessels
072 936 5925

16 June 2021 Jeugdag

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

DIENSTE SMALLS EIENDOMME

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-MIELIERESTE
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za
23 Heilbronstr. 97, Frankfort, 9630
Tel: 052 569 7205
Kantoor: 058 513 1047

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.



Heilbron Herald

R3385.00
Incl. Design | Excl. VAT

- SETS UP IN SECONDS
- SPACE SAVING DESIGN
- LIGHT WEIGHT & DURABLE
- BRANDED SKIN (3000mm X 2250mm)



PARK VILLAGE AUCTIONS

Trusted by banks, respected by buyers



Duly instructed by THE LIQUIDATOR, we will offer for sale by way of PUBLIC AUCTION, on site: JONKER PRODUKTE CC (IN LIQUIDATION) MASTERS REF: B102/2020

FARM & FARMING EQUIPMENT ON AUCTION IN BOTHAVILLE

MOVABLES

2010 Landini Global Farm DT105, Fitted Front end Loader, 7730hours, 2014 New Holland T60-80 Cab Tractor, 2900hours, 2005 New Holland 110-90 Tractor, 3253hours, 2016 Sportsman 570 EFI Quad, White Venter 6 Trailer, Suzuki Ozark 250CC Quad, 1980 John Deere 2141 Tractor, Vetsak Koring Planter, Jones Feed Mixer, Falcon F80 Haymaker, Chissel 4 Tine Plough (Rolstaaf), 2013 Welger RP245 Baler 2.2m Pick up, Jones Standard Pellet Machine, Diesel Kar 1000L, 5x Water Buckets

Dolfyn Low Speed 20ton Trailer, John Deere 7200 5 row max emerge 2 Flat Deck Single Axle Trailer, Old Red Tapkar, Agromaster 2000L boom sprayer, 5Curve /6Disc/Frame, John Deere 2 row Maize Planter, 2009 McCormick B 105 Max, 1980 Deutz DX120A Tractor, 1991 Deutz DX3-70 Tractor, 8 dis one way, Frame, 6 Tine tiller

- 142ha Potential arable land
- 5ha Improvement

Homestead

1 x Entrance Hall, 1x Dining Room, 1x Lounge, 1x Kitchen, 2x Toilets, 10x Bedrooms, 2x Bathrooms, Total extent of homestead 560m²

Outbuilding

1 x Store estimated size 250m², 2 x Store estimated size 320m²

FARM

Portion 4 of the Farm Schoonspruit 1155 Bothaville RD, Extent: 165,0031ha, • 18ha Natural Gazing

TUES 15 JUNE 2021 AT 11:00 AM

VIEWING: 14 JUNE 2021 AT 11H00

ENFORCED UNDER VERY STRICT HYGIENE CONDITIONS. (NO MASK, NO ENTRY)



WEB# 742

AUCTION VENUE:

FARM SCHOONSPRUIT, BOTHAVILLE DISTRICT. GPS CO-ORDINATES: -27.61004 , 26.598174

Directions: From Wesselsbron on the R719 drive for approximately 34km, turn left at the Senwes Schoonspruit Silo. Drive for approximately 1.5 km and follow the auction pointer boards.

Office: 051 430 2300
Nico Maree 082 625 4455
Cindy Olivier 082 291 0030
E-Mail Address: cindy@parkvillage.co.za

TERMS AND CONDITIONS: STRICT COVID REGULATIONS. R10,000.00 refundable registration deposit is payment. 6% Buyers commission plus VAT is payable on immovable property. 15% deposit is payable on the fall of the hammer. 14day confirmation period is applicable. For the balance the purchaser must provide a bank guarantee 30 days after confirmation. 10% Buyers commission plus VAT payable on movable assets. 7 days confirmation period applicable on movables. Documentation fee of R2500.00 is payable on vehicles and R3500.00 on Tractors, Trucks & Trailers. Auctioneer: Nico Maree/Juan Maree. All finance must be preapproved. FICA requirements (id & proof of residence) must be met. No transactions will be finalised without complying with the FICA requirements. Auction is subject to a reserve price. All prospective bidders must pre register. General auction rules are available on the Park Village website. The auction rules are in accordance with Section 45 of the Consumer Protection Act 68 of 2008, which is available on our website – URL: http://www.parkvillageauctions.co.za/wp-content/uploads/2013/10/Rules_of_Auction.pdf
NB. Above mentioned is subject to change without prior notice



MASTERCHEF LIDS

Dear Shoppers

Thank you for all your support of our MasterChef campaign. Due to unprecedented demand, we have been struggling to meet the current sales on the MasterChef lids, but want to assure you that ALL shoppers will be able to buy the MasterChef lids even after the promotion ends.



Promotion valid from 11 March 2021 to 28 June 2021. Completed purchases must be submitted until 12 July 2021. Masters can be collected at any SPAR. *EXCLUDED: KROGER and SPAR stores. MasterChef aluminium cookware only only for redistribution at SPAR, SUPERMARKET and KROGER. Excludes stores in KZN, Western Cape and Eastern Cape.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van AM Grobler van Heilbron, Tel: 063 352 7880.

Jou erfenis - Jou Keuse
Emanuel sê in Johannes 9 vers 5. So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld.
Johannes 12 vers 46. Ek het as 'n lig in die wêreld gekom sodat elkeen wat in My

glo, nie in die duisternis sou bly nie.
Johannes 9 vers 31. En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en Sy wil Doen, dié verhoor Hy.
Die Bybel is die Woord van God. Om gered te kan word moet ons sy opdrag dan uitvoer volgens bybelse voorskrifte en nie volgens mense en instansies se opinies en voorskrifte nie.
Handelinge 2 vers 38. En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus (of vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige gees ontvang.) In geval u nie weet nie. Die kinderbesprekings is ingestel deur Konstantyn die Grote en kom nie in die bybel voor nie, en gaan nie vir u tel as gedoop nie.

2				6		
1	9	5	3	4	8	7
8		1	7			4
					3	4
		8	1			2
				7		9
6	7					3
			5			7
9	5	8		3		2

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

MOOI Vers VEILING

DIE BESTE VAN DIE BESTE!

TELEEN:

AC Kruger Boerdery, Arundel Boerdery, Cer Rood Boerdery, Dr. Neels Cilliers, Fortress Boerdery, Dik Boerdery, Nic Linder en Seane Boerdery, PG Soema, PJ Gernshuys, Rana Boerdery (Liquor, Poultry & Jewels)

NAVRAE

PJ Müller, 060 966 9340, Corjan de Jager, 079 506 8777, Hugo Groenewald, 082 569 7205

Dinsdag, 15 Junie 2021 • 11:00 te RAC, Frankfort

Bonsmara-tipe • Bovelder-tipe • Simmentaler-tipe • Beefmaster-tipe • Kruisras

±400 Uitstaande Verse:

Oop Verse, Dragtig • Swaardragtige Verse, 1^{ste} Kalkoeie + Kalwers

FRANKFORT

VLEISSENTRAAL BETHLEHEM
058 303 5226
www.vleissentraal.co.za



JOODSE BESOEKERS BY RIEMLAND MUSEUM

• *Quarta Pretorius*

Ek het Sondag oggend 8 uur interessante Joodse besoekers by die Museum gehad. Rabbi Silberhaf, die

hoof Rabbi van Johannesburg, Shlomo Milner en sy twee kinders, Sholom en Mushkie, ook van Johannesburg. Die Milners was vroeër van Ficksburg. Terwyl laasgenoemde 3 persone voor die Joodse

preekstoel gaan bid het, het ek en Rabbi Silberhaf gaan koffie drink in die kantoor. Dit was bitter koud. Die preekstoel en banke was vir die Milners baie spesiaal, want dit was in Ficksburg se sinagoge en is later aan Heilbron geskenk.

My nuuskierigheid het later die oorhand gekry en ek het gaan kyk wat hulle doen. Ek het natuurlik nie 'n dooie woord verstaan van wat hulle gebed het nie, maar dit was vir my interessant om te sien wat hulle alles aangetrek het en hoe hulle alles gedoen het. Al daardie klere en dinge wat hulle aangetrek het lê al jare in die Joodse uitstalkas, maar ek het nog nooit geweet waarvoor alles gebruik word nie.

Na die tyd het die Milners ook kom koffie drink en ons het 'n baie interessante gesprek

gehad. Shlomo Milner se oupa, Solly Milner het voor die Anglo Boereoorlog uit Rusland na Suid Afrika gekom. Hy het hom in Ficksburg gevestig, waar hy gesmous het by die Boere in Senekal, Rosendal, Ficksburg en omgewing. Hy het later geboer, 'n slaghuis gehad en 'n meule.

Die vorige staatspresident, mnr P W Botha, se ouers het in Rosendal geboer en hulle en die Milners was groot huisvriende. Shlomo sê toe sy oupa oud was en sieklik geword het, het PW se ouers hom opgepas.

So 'n bietjie tong in die kies. Milner sê die laaste keer wat sy pa vir PW gesien het, het hy vir hom gesê “PW, jy het ons land nou lekker opgef...k”



Op die foto agter vl: Rabbi Silberhaf. Voor: Shlomo Milner, Mushkie en Sholom.

POSTNET HEILBRON

NEW!

SAME DAY

COLLECTION AND DELIVERY

BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!

FOR ONLY R75

CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!

SASOLBURG

VEREENIGING

VAN DER BIJLPARK

42 Els Street, Heilbron

heilbron@postnet.co.za

058 853 0006

064 988 6078



Grendelstraat 341
Locktown
2021

2 Maart 2021

Liewe dominee Braam

Dis is oom Danie. Oom wou nie skryf nie, maar Oom moet. Dis die verdomde tannie. Ek sê jy gaan my nog mal maak. Sy sê jy is mal, Dominee. Verstaan Dominee? Oom is, nie Dominee nie. Oom bedoel Oom is nie.

Gits, nou is Oom self bietjie deurmekaar. Is Dominee verder oraait? Oom dink nie sy bedoel lelik nie. Baie mense se koppe is deesdae aangetas.

Oom probeer nou nie slim wees nie, maar mens moet besig bly. Vat nou maar vir Oom. Oom help waar hy kan. Of dit nou in die tuin of kombuis is, Oom sit in 'n raadgevende hoedanigheid altyd hand by.

Ek dink die tannie waardeer dit. Sy sê sy dink as Oom tydens die skepping geleef het, sou Oom die raadgevende ingenieur gewees het. Is dit nie mooi van haar nie, Dominee?

Soms sê die tannie die Oom kan nie so aangaan nie. Oom moet 'n breek vat en vir klein Danie winkel toe vat. Dit is nou klein Danie se Danietjie. Dan help Oom maar daar ook uit. Ek sê, sal jy regkom my skat? Sy sê sy sal. Ek sê ek sal gou terug wees. Sy sê ek hoef nie haastig te wees nie sy sal regkom.

Ek sê, bel maar as daar probleme is. Sy sê sy sal.

Dominee Braam, kan die mannetjie nou sy tyd vat om te kies. Ek sê toe-toe Ouma sukkel sonder Oupa se raad. Doms in ons dae was daar net wilsontoffies en chappies om van te kies.

Ek dink die mannetjie gaan 'n prokureur word. Hy sê Oupa kan maar ongeduldig raak, solank Oupa net vrygewig bly...

Het Dominee op TV gesien die president het ons gevlak een? Ou Hein, my buurman oorkant, is so bly hy hoef nie meer die naweek se drinkgoedjies als op 'n Donderdag te koop nie. Hy kan nou weer Saterdag optop. Hy sê sy rug kon dit nie meer hou met die vol trollie nie.

Ou Doppies by die bottelstoor sê die ekstra ure bring hom niks in die sak nie. Met die dat Ditto Mboweni verlede jaar se “sondebelasting” net so herhaal het, verkoop hy nou meer belasting as brandewyn. Is dit nie 'n skande nie, Dominee.

Ou Vonkie Viljoen sê my as jy dink drank is duur, dan moet jy nie probeer krag koop nie. Hy sê hy lees in die koerant Escom het tot onlangs R28 vir 'n rol toiletpapier betaal. Single plaai, Dominee!

Ou Vonk ken krag, Dominee. Hy sê as jy teen daai prys toiletpapier aankoop, dan moet jy darem op groot skaal krag aanjaag.



As Dominee verstaan wat hy bedoel.

Klein Daan sê sy buurman is min gepla oor die kostestygings. Hy het 'n groot kontrak losgeslaan. Iemand van “Stealmore pty ltd” of so iets, het hom genader om 'n Covid drive through te open. Hy sê dit werk

soos 'n bom. Hulle sorg vir álles. Hulle kom haal selfs hul geld in kontant by hom. Klink goed né, Dominee?

Hy sê hulle kan nie voorbly met hul Big Mac Combo nie. Jy kry 'n spuit op elke boud en 'n botteltjie sanitizer en 'n masker verniet. Hy sê hul KFC Krucher loop ook goed. Dis al die gekraakte botteltjies teen halfprys, maar hy sê dit werk net so goed, Dominee.

Dominee Braam, mens mag nie jou buurman se werk begeer nie, maar sommige mense word met die goue lepel in die mond gebore.

Maar wag, Dominee. Ons praat weer later. Oom wil net gaan kyk hoe vorder die tannie met die gras.

Groete vir Mevroutjie. Oom Danie.

(Wou nog vra. Die tannie wil weet of dit reg is om sondebelasting op nagmaalwyn te betaal. Oom sê los dit nou, Mammie, maar sy wil nie.)

Skets Erkenning: Mia Marais

ONTMOET MNR MUG

Sy kortbroek in die koudste winterdae is sy kenmerk. Edward Muller het Saterdag gewys dat sy gholff vuurwarm is toe hy op 'n snerpende koue wintersdag die HBA maandbeker gewen het met 'n netto telling van 73 houe. Eben Stander was tweede met 74 netto en Jackie Leonard derde met 75 netto.

Die inskrywings vir die Bokkedag vorder

goed en lyk dit of daar reeds meer as 60 spelers wil speel. Die wat nog nie ingeskryf is nie, moet opskud. Koste is R350 per dag of R600 vir beide dae, etes ook ingesluit. Die bestuur dui aan dat 20 karkasse gewen kan word oor die twee dae.

Vrydagaand is dit weer "Jokerdraw" en Saterdag gewone spel. Inskrywings vanaf 11:00 vir afslaan 11:30.



Op die foto vl: Edward Muller en Eben Stander

GERRIE SE TWEDE GELUKSKOOT



Gerrie Muller

Die kans om 'n volmaakte gelukskoot in gholff te kan speel, is 12000 teen 1. Om 'n tweede een te speel, verbeter jou kans met veertien persent, sê die statistici. Gerrie Muller sê dat sy tweede volmaakte

gelukskoot soveel lekkerder as die eerste was, omdat sy twee seuns ook daar was om dit te sien. Putjie nommer agt is sowat 188m lank en sy vyf yster was net die regte stok vir die bal om in die putjie te beland. Die joggie was blykbaar net so bly en het dadelik te kenne gegee hulle wil 'n "Black Label" hê. Die reël is ook dat almal in die klub 'n ronde op jou kan kry. Hy het sy eerste volmaakte gelukskoot op 8 Julie 2015 gespeel.

DAAR Vlieg DIE Duiwe WEER

Die duiwesport het ook gely weens die pandemie. Hopelik kan hul vanjaar ongehinderd voortgaan.

Die eerste wedvlug van die seisoen was vanaf Glen oor 'n afstand van 223km. Zeith se B-span het sommer met die intrapslag die jong duiwe se wedvlug gewen. Damie Stemmet het die eerste ou duif geklok.

Die duiweboere is bly oor twee nuwe lede, Danie Bobbert en OJ's Hokke.

Vir die wat nie geweet het nie, President Cyril Ramaphosa is ook 'n geesdriftige duiweboer.

GLEN JAAROU

1. Zenith B
2. Zenith B
3. Zenith A
4. Senith A
5. Zenith A
6. Zenith A
7. F. Viviers
8. Zenith A
9. Zenith B
10. Zenith A

GLEN OPE

1. Stemmett Hokke
2. Stemmett Hokke
3. F Viviers
4. F Viviers
5. Stemmett Hokke
6. Zenith B
7. Zenith A
8. F Viviers
9. OJ's Hokke
10. Stemmett



OUDEHE
GESOEK

OUDEHE
GESOEK

Afrikana, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos Naaldwerkmasjiene, ens.

Verskeidenheid te veel om op te noem.
Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.

OUDEHE
GESOEK

OUDEHE
GESOEK



Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
WIN A CAR
Purchase any participating product, use your CHOICE CARD and stand a chance to win a Polo Vivo 1.4 Trendline valued at R210,000
competition ends 15 sep 2021 - T's and C's apply
063 721 4950 087 527 0723
platteland@theclinicpharmacy.co.za
37 Wilmshurst Street, Westworth Square, Heilbron

Late-Nite Video
Heilbron
MINI MARK VOOR DIE WINKEL ELKE SATERDAG
GRATIS STALLETJIES
ELKEEN IS WELKOM!
LANGS ABSA
072 807 7790
076 868 3837

GiG Technologies (Pty) Ltd.
Ultra Fast Fibre
Internet coming soon!
Contact us for any enquiries
Adriaan 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

DINSDAG - 15 JUNIE 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Pieter Venter 060 678 3876

WOENSDAG - 16 JUNIE 2021

VILJOENSKROON : NIEKERKSRUST SAVM
155 Skape
11:00, Niekerksrust, Viljoenskroon
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DONDERDAG - 17 JUNIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VRYDAG - 18 JUNIE 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Oederdaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT : SIX STAR GROUP
BONSMARA AANTEELVEILING
800+ Beeste

12:00, Naauwpoort, Frankfort
Kontak Gert Burger 082 822 1952



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za